
NAMAKWA TOERE &AKKOMMODASIE (EDMS) BPK
2020/895816/07
H/A NAMAKWA TOERE

Sinoniem met die panoramiese Sederberge, die asemrowende Stadsaalgrotte wat jou op 'n verbeeldingstog neem en jou na 'n ander dimensie weglei, ongerepte Weskus natuurskoonheid, kaleidoskoop van Namakwalandse blommeprag, gasvryheid, weglê-etes en die luuksste busvervoer.

# Avontuur na: Kalahari



Begin: Kaapstad – Pretoria / Pretoria - Kaapstad
Styl: Luukse busvervoer & Lodging
Verwysing: Kal 6

'n Basiese vlak van fiksheid is belangrik om die toer ten volle te geniet.

## Is hierdie toer die regte toer vir u?

- Hierdie toer sluit 'n paar lang reisdae in.
- Suid-Afrika temperature in die somer kan tussen 34 - 38° C styg, maar dit kan net so koud raak.
- Wat ons op hierdie toer sien en wat ander mense gesien het of wat u op fotos gesien het is nie noodwendig dieselfde nie. Hierdie is 'n seisoenale area en migrasie patrone speel 'n groot rol.
- "The early bird catches the worm". Daar mag 'n paar vroeë oggende wees om die meeste van die verkeer te mis of om seker te maak dat ons die beste uit die dag kan put.
- Hierdie toer betaan hoofsaaklik uit verblyf in 2-4 ster fasiliteite wat die omgewing komplimenteer. Alle fasiliteite is vooraf besoek en met die hand uitgekies.
- Hierdie toer word uitgevoer in 'n luukse 22-sitplek 4x4-bus. Ons verkies om nie meer as 20 mense op 'n slag saam met ons te neem nie en daarom is enkelakkommodasie baie beperk. Kontak asseblief die kantoor om seker te maak of daar nog enkel plekke beskikbaar is.

| 2025 Tariewe | |
|---|---|
| Deeltarief (p.p.) | R26 000 |
| Enkeltarief | R28 500 |

**Betaal R5 000 p.p. deposito (binne 14 dae) na bevestiging, en die balans 30 dae voor toer vertrek.**

| Toer Datums: 2025 | | |
|---|---|---|
| ~~Kal 6/1~~ | ~~Di. 22 April – Di. 29 April~~ | ~~Kaapstad - Pretoria~~ |
| Kal 6/2 | Do. 26 Junie – Do. 03 Julie | Pretoria - Kaapstad |

***R2 000.00 afslag per persoon op Kal 6/2***

**Let wel:** Indien u 'n geldige Wild Card besit, onthou om dit asseblief saam te bring.

Neem kennis: Vlugte kan bespreek word op 'n alternatiewe datum indien u langer in Kaapstad / Pretoria / Johannesburg sou wou oorbly.

# Kalahari: CPT – PTA (6/1)

**Ingesluit 'n eenrigting vlug tussen Kaapstad na/van O.R. Tambo/Lanseria**

## Dag 1: Kaapstad -Vanrhynsdorp

Ons avontuur begin rondom 9 uur die oggend by die verskeie oplaaipunte soos beskryf in die besprekingsvorm (laaste bladsy van die dokument). Ons beplan om die N7 roete te volg via Malmesbury & Piketberg. Net na Klawer gaan ons Namakwaland binne waar ons die eerste nag in Vanrhynsdorp by Namaqua Lodge oornag.

*Maaltye ingesluit:* Aandete

## Dag 2: Vanrhynsdorp – Kakamas/Augrabies

Vroeg die oggend na ontbyt vertrek ons na Kakamas. Hier langs die Oranjerivier oewer met besproeiingskanale, tussen die wyndruiwe en kelders, geniet ons 'n heerlike sonsondergang naby die asemrowende Augrabies watervalle. By die valle gaan ons 'n heerlikes stappie vat na die uitkyk-punte oor die valle en poort. Hierdie plek het die vroeë Khois na verwys as die groot geraas.

*Toegangs fooie ingesluit:* Park fooie
*Maaltye ingesluit:* Ontbyt & aandete

## Dag 3: Augrabies - Kgalagadi Transfrontier Park

Na ontbyt volg ons die pad na die Kgalagadi Transfrontier Park. Wanneer ons arriveer het u die middag in die oord net buite die park vir uself om te ontspan en die stilte van die Kalahari te geniet. Ons sal oornag by die Kgalagadi Lodge vir die volgende 3 nagte.

*Toegangs fooie ingesluit:* Park fooie
*Maaltye ingesluit:* Ontbyt & aandete

## Dag 4 & 5: Kgalagadi Transfrontier Park

In die oggend, na 'n heerlike ontbyt gaan ons in die park in waar ons 'n bietjie gaan kyk wat in hierdie deel van Suid-Afrika floreer. Ons gaan verskillende stoppe maak by watergate om die verskillende wild lewe sowel as voël lewe te soek en af te neem.

*Toegangs fooie ingesluit:* Park fooie
*Maaltye ingesluit:* Ontbyt & aandete

## Dag 6: Kgalagadi Transfrontier Park - Upington

Na nog 'n heerlike ontbyt vertrek ons na Upington. Hier gaan ons oorbly by die Browns Manor langs die Oranjerivier om die omgewing ten volle te geniet.

*Maaltye ingesluit:* Ontbyt & aandete

## Dag 7: Upington - Kimberley

Na ontbyt los ons die waterryke Oranjerivier agter ons en vertrek na Kimberley. Op ons roete reis ons verby Groblerskoop, Griekwastad en Smidtsdf. Wanneer ons in Kimberley aankom, sal ons 'n begeleide toer van die mynmuseum en die bekende groot gat onderneem voor ons by die Halfway House Hotel oornag.
*Maaltye ingesluit:* Ontbyt & aandete

## Dag 8: Kimberley - Pretoria

Ons vertrek na Pretoria. Na 'n heerlike otbyt klim ons in die bus vir die laaste deel van ons avontuur. Ons beplan om die N12 en dan N14 roete te volg via Christiana, Wolmaranstad en Hartbeesfontein. By Ventersdorp draai ons af op die N14 waar ons toer eindig by Town Lodge Menlo Park.

*Eenrigtingvlug ingesluit.*
*Maaltye ingesluit:* Ontbyt & aandete

# Kalahari: PTA – CPT (6/2)

**Ingesluit 'n eenrigting vlug tussen Kaapstad na/van O.R. Tambo/Lanseria**

## Dag 1: Pretoria - Kimberley

Ons avontuur begin rondom 8 uur die oggend by die Town Lodge in Menlo Park, Pretoria. Ons beplan om die N14 & N12 roete te volg via Christiana, Wolmaranstad en Hartbeesfontein. Van hier gaan ons na Kimberley waar ons by die Halfway House Hotel oornag.

*Maaltye ingesluit:* Aandete

## Dag 2: Kimberley - Upington

Na ontbyt sal ons 'n begeleide toer van die mynmuseum en die bekende groot gat in Kimberley onderneem. Hierna vertrek ons na Upington. Hier gaan ons oorbly by die Browns Manor langs die Oranjerivier om die omgewing ten volle te geniet.

*Maaltye ingesluit:* Ontbyt & aandete

## Dag 3: Upington - Kgalagadi Transfrontier Park

Na ontbyt volg ons die pad na die Kgalagadi Transfrontier Park. Wanneer ons arriveer het u die middag in die oord net buite die park vir uself om te ontspan en die stilte van die Kalahari te geniet. Ons sal oornag by die Kgalagadi Lodge vir die volgende 3 nagte.

*Toegangs fooie ingesluit:* Park fooie
*Maaltye ingesluit:* Ontbyt & aandete

## Dag 4 & 5: Kgalagadi Transfrontier Park

In die oggend, na 'n heerlike ontbyt gaan ons in die park in waar ons 'n bietjie gaan kyk wat in hierdie deel van Suid-Afrika floreer. Ons gaan verskillende stoppe maak by watergate om die verskillende wild lewe sowel as voël lewe te soek en af te neem.

*Toegangs fooie ingesluit:* Park fooie
*Maaltye ingesluit:* Ontbyt & aandete

## Dag 6: Kgalagadi Transfrontier Park – Kakamas/Augrabies

Na nog 'n heerlike ontbyt vertrek ons na Augrabies watervalle. Hier gaan ons 'n heerlikes stappie vat na die valle se uitkyk-punt oor die valle en poort. Hierdie plek het die vroeë Khois na verwys as die groot geraas. Hierna vertrek ons na Kakamas waar ons die aand gaan bly by Kalahari Gateway Hotel.

*Toegangs fooie ingesluit:* Park fooie
*Maaltye ingesluit:*Ontbyt & aandete

## Dag 7: Kakamas -Vanrhynsdorp

Ons vertrek na Vanrhynsdorp. Ons volg die roete na die N7 en sien dorpe soos Springbok, Garies en Nuwerus. Hierdie roete is vol besienswaardighede en ryk aan geskiedenis. Ons sal na die middag in Vanrhynsdorp aankom waar ons weer by Namaqua Lodge oornag.

*Maaltye ingesluit:* Ontbyt & aandete

## Dag 8: Vanrhynsdorp - Kaapstad

Ons vertrek na Kaapstad na Clanwilliam waar ons 'n draai gaan maak by die bekende C. Louis Leipoldt se graf as ook die Strassbergers skoenfabriek. Van hier maak ons ons laaste stop by Kardoesie voor ons die Kaap bereik na wat beslis 'n fantastiese avontuur sal wees. Hier gaan ons eerste stop by Kaapstad Lughawe voor ons by die verskillende hotelle in die Kaap stop.

*Maaltye ingesluit:* Ontbyt & aandete
*Eenrigtig vlug ingesluit*

## Belangrik om te weet:

- Enkel-akkommodasie is beskikbaar, maar daar is slegs 2 kamers beskikbaar op elke datum. Kontak asseblief eers ons kantoor voor u voortgaan met 'n enkel bespreking om seker te maak of daar 'n kamer beskikbaar is. Stuur gerus 'n e-pos na info@namakwatoere.com of bel die kantoor by +27 (0)27 219 1633.
- Enkel kamers kan altyd na dubbel-akkommodasie verander word indien u iemand sou wou saamnooi. Geen administratiewe kostes sal gehef word nie en slegs die dubbelfooi per persoon sal gehef word. Die verskil tussen enkel- en dubbel-akkommodasie (indien reeds betaal) sal aan u terug betaal word.
- Wanneer u 'n vlug wil bespreek op dieselfde dag wat die toer klaarmaak, kontak asseblief die kantoor vir 'n tweede opinie oor die tyd wat u die vlug wil bespreek.
- Ons kantoor kan u ook help om die nodige vlugte, pendeldiens en hotelle te bespreek teen geen ekstra administratiewe koste nie. Neem asseblief kennis dat ons geen afslag kry op enige vlugte nie. Ons wil u net help om die proses so maklik as moontlik te maak.
- Die deposito vir die toer is betaalbaar **twee weke** na u bespreking, indien anders gereël met die kantoor. Die deposito is nie terugbetaalbaar en indien u die toer kanselleer, sal Namakwa Toere 'n administrasie fooi van R1 000 **per persoon** hef en die res van die fondse wat alreeds ontvang is, sal oorgedra word na 'n toer van u keuse binne 'n tydperk van **12 maande vanaf die datum van kansellasie.**
- **Kansellasiebeleid:**
  Indien 'n toer binne die onderstaande tydperke gekanselleer word, sal 'n sekere persentasie van die toerprys deur Namakwa Toere weerhou word en nie terugbetaal word nie (dit is nie van toepassing op die nie-terugbetaalbare deposito nie):
  - Meer as **90 dae (3 maande)** voor toer vertrek – 25% nie terugbetaalbaar
  - Tussen **60 en 90 dae voor toer (2-3 maande) -** 50% nie terugbetaalbaar
  - Tussen **1 en 30 dae (2-4 weke)** voor die toer vertrek – 75% nie terugbetaalbaar
  - Versuim om op te daag vir die toer – 100% nie terugbetaalbaar

  Toergelde kan slegs terugbetaal word indien 'n geldige bewys van siekte of sterfte verskaf word. In sulke gevalle sal diskresie toegepas en die situasie bespreek word.

## Pad toestande en infrastruktuur:

Die paaie in en deur Afrika is baie keer in 'n swak toestand, wat dit baie swaar op ons voertuie maak. Ons het groot trots in ons voertuie en maak seker dat ons alles in ons vermoë doen om te verseker dat alles goed verloop. Maar ons kan ongelukkig nie alle situasies voorkom nie. Baie van die paaie wat ons ry is vol slaggate en nie juis die gemaklikste roetes nie. Dit beteken ook dat die reistyd soos aangedui slegs 'n aanduiding is en nie 'n gegewe nie. Ons weet dat dit kan vermoeiend raak, maar die paaie vat ons op die ou einde na ongelooflike plekke.

## Medies & gesondheid:

Reisigers, oud en jonk word vereis om in goeie gesondheid te wees om ten volle aan die toer deel te neem. Ons verwag van alle toerlede om deeglik deur die program te lees en self te besluit of u kan deelneem in al die aktiwiteite soos genoem in die program. As ons toergids en bestuurder op enige stadium voel dat enige van ons toerlede nie meer kan deelneem aan 'n aktiwiteit nie, ons die reg volhou om u van die aktiwiteit en/of die res van die toer te verskoon sonder terugbetaling. Die nodige dokumente sal deur ons kantoor verskaf word om terug te eis van u reisversekering.
Ons versoek dat indien u oor die ouderdom van 75 is, u 'n mediesekonsultant of dokter raadpleeg oor u reis na die spesifieke land/area. Ons stel ook voor dat elke toerlid sy/haar eie noodhulp Kassie sal dra met die nodige voorraad soos 'rehydrate', ekstra lees brille, karsiek-medikasie en ook diaree-medikasie.

Drink WATER
As 'n reël aanvaar ons alle water wat uit 'n kraan kom as ondrinkbaar en gevaarlik vir menslike gebruik. Dit mag minerale en bakterieë bevat wat u maag nie aan gewoond is nie. Dit kan ernstige ontsteltenis veroorsaak en tot siekte lei. Dit kan sonder twyfel u hele toer verwoes. Maak seker dat u 'n waterbottel tot u beskiking het deur die loop van die toer.

### Hoekom saam met Namakwa Toere gaan toer?

Wie is Namakwa Toere en wat doen ons anders?

- Ons is `n familiebesigheid en is reeds sedert 1985 in die toerbedryf.
- Ons toergidse is van die bekwaamste, hulpvaardigste en vriendelikste gidse wat u sal teëkom.
- Elke toerlid se persoonlike behoeftes vir 'n toer word persoonlik deur ons opgeleide personeel hanteer.
- Daar is geen gejaagde toerprogram nie! Ons busbestuurder is saam met u met vakansie en is nooit onder druk nie.

### www.facebook.com/namakwatoere/namaquatours

Na elke toer word daardie spesiale toerfoto's op Facebook gelaai. Net nog `n ekstra gratis diens wat Namakwa Toere aan ons toerlede bied!

## Wat gebeur as Namakwa Toere die toer kanselleer?

- Die Toer is onderhewig aan 'n minimum van **10 persone** om plaas te vind.
- **Namakwa Toere** onderneem om sover dit moontlik is geen toer te kanselleer nie. Indien dit ooit sou gebeur dat ons 'n toer **moet** kanselleer, is ons bereid om al die geld wat u reeds betaal het, oor te dra na enige ander toer van u keuse of na die daaropvolgende jaar **( uitsluitend die nie-terugbetaalbare deposit en bankkoste).**

## Hoe bespreek ek 'n toer by Namakwa Toere?

- Wanneer u besluit het om een van ons toere te bespreek, kan u een van twee maniere bespreek:
  1. Kontak ons gerus per e-pos, sms of telefonies. Ons skakel u terug en doen 'n telefoniese bespreking.
  2. Vul die besprekingsvorm in en e-pos die vorm vir ons kantoor by info@namakwatoere.com
- Die nodige sal dan deur ons gedoen word (hotel- en vlugbesprekings indien u dit so aangedui het). U sal 'n toerverwysingsnommer en Namakwa Toere se bankbesonderhede ontvang. Hierdie toerverwysingsnommer **moet** op u depositostrokie aangetoon word. Hierdie toerverwysingsnommer moet ook op alle korrespondensie gebruik word vir die toer wat u bespreek het.
- Ons verskaf nie bankbesonderhede sonder 'n besprekingsvorm nie. Die enigste rede hiervoor is dat toerlede in die verlede geld inbetaal sonder dat hulle 'n toerverwysingsnommer ontvang het, en dat hulle nie 'n bespreking per e-pos gedoen het nie. Dit het al gebeur dat voornemende toerlede geld inbetaal het, maar dat daardie spesifieke toer alreeds vol bespreek was.

Ons begin elke oggend voor ons ry met 'n gebed, en vertrou op die Here vir 'n veilige en sielsverrykende toer.

Vriendelike groete

**Namakwa Toerspan**

**Hotel akkommodasie is beskikbaar vir diegene wat voor of na die toer wil oorbly:**

| | **City Lodge - Grand West - Kaapstad (3 ***)** ***Toer vertrek 09:00*** |
|---|---|
| Enkelkamer | R1 896 |
| Deel/Twin | R2 131 |
| Ontbyt | Volledige ontbyt ingesluit in tarief.<br>06:30 - 09:30 |
| Middag- & aandete | Restaurant in Lodge en<br>verskeie restaurante by Grand West beskikbaar |
| Pendeldiens | R300 (+R30 p.p. ekstra) |
| Parkering | Gratis (langtermyn beskikbaar) |
| WiFi | 15 min gratis - ekstra koopbewys beskikbaar |
| Ekstra | Sitkamer met kroegfasiliteit<br>Grand West Casino, verskeie restaurante, vermaaklikheid en teaters |
| Web tuiste | https://clhg.com/hotels/125/GrandWest-Hotel |

| | **Hotel Verde Lughawe -Kaapstad (4 ****)** ***Toer vertrek: 09:30*** |
|---|---|
| Enkelkamer | R1 860 |
| Deel/Twin | R2 160 |
| Ontbyt | Volledige ontbyt ingesluit in tarief<br>Weeksdae: 04:30 - 09:30<br>Naweke: 04:30 - 10:00 |
| Middagete<br>Aandete | á la carte restaurant: 12:30 – 15:00<br>á la carte restaurant: 18:30 – 22:30<br>Kamerbediening: 10:00 – 22:30 |
| Pendeldiens | Gratis tussen lughawe en hotel |
| Parkering | Gratis oornag indien u daar slaap<br>R125 per nag indien u u motor tydens die toer daar wil parkeer |
| WiFi | Gratis |
| Ekstra | Sitkamer met kroegfasiliteit<br>Gimnasium |
| Web tuiste | http://www.hotelverde.co.za/ |

| | **Road Lodge Lughawe - Kaapstad (1 *)** ***Toer vertrek: 09:45*** |
|---|---|
| Enkelkamer | R1 010 |
| Deel/Twin | R1 140 |
| Ontbyt | Weeksdae: 06:30 – 09:00<br>Naweke: 07:00 – 10:00 |
| Middag- & aandetes | Geen restaurant. Restaurante by lughawe beskikbaar, of skakel *Mr Delivery* vir wegneemetes |
| Pendeldiens | R110 (±R30 p.p. ekstra) |
| Parkering | Gratis indien u daar oornag |
| WiFi | 15 min gratis - ekstra koopbewys beskikbaar |
| Web tuiste | https://clhg.com/hotels/308/Cape-Town-International-Airport |

- Vlugte - Kontak ons vir tariewe en tye – neem asseblief kennis dat ons nie beter tariewe kry vir vlugte nie.

**Hotel akkommodasie is beskikbaar vir diegene wat voor of na die toer wil oorbly:**

| | **Town Lodge Menlo Park - Pretoria**<br>**(2 **)** ***Toer vertrek : 05:00*** |
|---|---|
| Enkel | R1 527 |
| Dubbel/Twin | R1 752 |
| Ontbyt | Volledige ontbyt is ingesluit by die prys<br>07:00 - 10:00 (ontbytpakkies is beskikbaar op aanvraag) |
| Etes | Beskikbaar op aanvraag |
| Pendeldiens | Vanaf R600 per pendelrit (afhangende van ligging) |
| Parkering | Gratis |
| WiFi | Gratis |
| Webtuiste | https://clhg.com/hotels/245/Town-Lodge-Menlo-Park |
| Adres | 50 Atterbury Road CNR of Clarinet Road<br>Menlo Park - Pretoria |
| Tel | +27 (0) 12 348 2711 |

**Alle hotelbesprekings MOET deur Namakwa Toere gedoen word om hierdie tarief te betaal. NB: Ons neem GEEN kommissie op enige hotel- of vlugbesprekings nie!**

# **Besprekingsvorm**

## TOERLID 1:

Van:......................................................................... Mnr./Mev./Mej. (Voorletters):...........................................

Volle name – Soos aangebring op ID Noemnaam:..........................................................................

....................................................................................... Nooiensvan:.................................................................

ID-nr.: ........................................................................... Telnr.:............................................................................

Woonarea:........................................................ E-pos:..............................................................................

.............................................................................. Selnr.:............................................................................

## TOERLID 2:

Van:......................................................................... Mnr./Mev./Mej. (Voorletters):...........................................

Volle name – Soos aangebring op ID Noemnaam:..........................................................................

....................................................................................... Nooiensvan:.................................................................

ID-no.: ........................................................................... Telnr.:............................................................................

Woonarea:........................................................ E-pos:..............................................................................

.............................................................................. Selnr.:............................................................................

---

**Toer Datum: ...............................................** **KAL 6/.......................................................**

Akkommodasie gedurende toer: Enkel....... Dubbel...... Twin/deel (2 Beds).........

**Moet ons help met vliegreëlings?:** Ja........... Nee..........

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vertrek ***vanaf lughawe:*** | Lughawe naam | Datum ***na*** bestemming: | |
| Terugvlug ***na*** lughawe: | Lughawe naam | Datum ***vanaf*** bestemming | |

**Moet ons help met hotelbesprekings?:** Ja........... Nee...........

Datum: (***Voor*** toer begin) .................................. Datum: (***Na*** toer eindig) ..................................

| | | | |
|---|---|---|---|
| City Lodge - Grand West | | Road Lodge Lughawe | |
| Hotel Verde Lughawe | | Town Lodge - Menlyn | |

Tipe akkommodasie in die hotel in Kaapstad / Pretoria:

Enkel............. Dubbel........... Twin.............

**Moet ons help met pendelritreëlings in Kaapstad / Pretoria?:** Ja........... Nee...........

**Indien u self u vlugbesprekings doen – bevestig asseblief u vlugbesonderhede vir ons aandag:**

**Toer opklimpunt:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| City Lodge – Grand West | 09:00 | | Town Lodge – Menlyn | 08:00 | |
| Hotel Verde Lughawe | 09:45 | | | | |

Handtekening:....................................................... Datum:...........................................................

Naasbestaande:....................................................... Tel nr.: ...........................................................